# Koers(e) van die Afrikaner in die geskiedenis

**P S Dreyer**

**Emeritus Professor: Departement Filosofie**

**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**

**Direction(s) of the Afrikaner in history**

*When speaking of the direction of a people, the term direction has the meaning of a relatively stable trend or course over a relatively long period of the history of the majority of that people. The problem discussed in this paper is the question whether such a direction(s) can be discerned in the history of the Afrikaans people. Such a direction can only be the result of values obtaining in a stable order of preference, forming a set of norms expressed in the views and actions of the people over a relatively long period of time. In a compact overview, eight of the most important areas of the history of the Afrikaans people are considered. The conclusion is that a definite trend is discernible. The most important aspects of this trend are a sharp awareness of self-identity; a desire for freedom, implying a negative reaction to British political and cultural imperialism; a fierce love of the Afrikaans language; and an aversion to mixing with people of non-Western descent.*

## 1. INLEIDENDE METODOLOGIESE OPMERKINGS

Ek moet praat oor koers — enkelvoud of meervoud — van die Afrikanervolk. 'n Koers is 'n bepaalde rigting, en waar ons oor 'n volk en sy geskiedenis praat, is die implikasie van die term dat dit 'n relatief stabiele rigting is. Dit wil sê 'n rigting wat binne grense dieselfde bly en oor 'n relatief lang tydperk voortgaan. Relatief omdat Herakleitos se *panta rei* die grondwet van die historikus is: Die geskiedenis beweeg in die tyd; geskiedenis is tyd, maar nie *chronos* wat altyd dieselfde bly nie, maar *kairos*, gevulde tyd, tyd vol gebeure, veranderings wat met wisselende tempo plaasvind. Die koers van 'n volk is ook nie soos die koers van 'n rivier — onverbiddelik vas en onveranderlik bepaal deur natuurkragte nie.

* Referaat gelewer op 26 Augustus 1997 tydens die kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, op die kampus van die Universiteit van Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die koers van 'n volk word deur die mense van daardie volk bepaal. Daar is allerlei kragte wat op hierdie mense inwerk, maar hulle reageer nie meganies-wetmatig nie, maar in terme van 'n rangorde van waardes wat vir hulle geldig is, dit wil sê norme wat as rigsnoer en meetsnoer dien.

'n Koers in 'n volk sal dus beteken 'n rangorde van waardes wat oor 'n relatief lang periode en onder wisselende omstandighede konstant en stabiel geldig bly. Hierdie geldigheid kan ons slegs onderskei deur te kyk na wat 'n volk onder die wisselende omstandighede van die volk se geskiedenis doen. Eers dan kan 'n mens poog om die koers of koerse van die volk uit te lig.

## 2. OORERWING EN OMGEWING

Die Afrikanervolk begin by die Vryburgers, waarvan die eerste nege in 1657 hulle vrybriewe gekry het. Hierdie mense was nie amptenare wat tydelik aan die Kaap vertoef het nie, maar wat verkies het om 'n blywende woning aan die Kaap te maak. Met Simon van der Stel se aanstelling as goewerneur in 1679 was daar sowat 260 Vryburgers, klein en groot (Van Jaarsveld 1971:30), wat in 1688 deur sowat 200 Hugenote aangevul is. Die samestelling van die Afrikanervolk volgens afstamming word verskillend bereken, maar Van Jaarsveld (1971:21) se syfers is nagenoeg korrek, naamlik 41,5% Nederlands, 36,6% Duits, 12,3% Frans, 6% Engels en 4% nie-blank.

Uit hierdie samestelling kan ons sien dat die Afrikanervolk 'n blanke volk is met 'n herkoms van oor die 80% uit die noorde van Europa. Hoewel oorerwingsfaktore moeilik empiries aangedui kan word, toon die verskille tussen Noord-Europese en Suid-Europese volke dat oorerwing 'n stempel op die Afrikanervolk moes afgedruk het.

Verder het die Afrikaner hoofsaaklik 'n plattelandse agtergrond. Dit is eers in die twintigste eeu dat die Afrikaner 'n stadsmens begin word het.

## 3. DIE KONTAK MET DIE NIE-BLANKES

Die eerste kontak in 1652 was met Hottentotte en in 'n mindere mate met Boesmans. Van die begin af was daar probleme. In 1659 het die Eerste Hottentotoorlog en in 1673-1677 die Tweede Hottentotoorlog plaasgevind, maar as 'n mens dit met die Oosgrensoorloë vergelyk, was dit nie baie groter probleme as 'n vlieg in jou koffie nie. Deur die oorloë is die grootste deel van die Hottentotte noordwaarts teruggedruk en met die pokke-epidemies van 1713 en 1756 is die stamstruktuur van die Hottentotte byna geheel en al verwoes. Die oorblywende stamme het hulle na die verre noordweste van die Kaapkolonie teruggetrek, terwyl die res as 'n klomp losstaande individue in diens van die blankes getree het of leeglêers in die Kaap geword het. Hulle het die taal van die blankes aanvaar en die uitskot van die blanke kultuur geword.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die Boesmans het hulle teruggetrek na die Gariep en die gebied by die rivier tot aan die Caledonrivier in die Oos-Vrystaat oorheers.

In 1657 is die eerste slawe ingevoer en sowat vyftig jaar later was daar meer slawe as Vryburgers in die kolonie. Die meeste slawe was Swartes, afkomstig uit verskillende Afrikagebiede, maar omtrent eenderde van die totaal was uit die Ooste afkomstig.

Byna van die begin af het daar kreolisasie ontstaan. Dit beteken dat die Kaapse samelewing 'n onderlaag gehad het wat bestaan het uit vryswartes (feitlik almal Hottentotte), slawe, uitgesakte blankes, besoekende soldate en matrose en die nageslag wat uit hierdie mengsel ontstaan het. In die noordweste, buite die grense van die kolonie, het dieselfde gebeur. Die Hottentotstamme het Boesmanvroue, weggeloopte en vrygestelde slawe, gedroste soldate en matrose en blanke misdadigers absorbeer. Hieruit het die Griekwas en Korannas voortgekom wat in die Wes-Vrystaat en aangrensende gebiede beland het en op die pad van die trekboere en Voortrekkers gekom het.

Wat die hoër sosiale lae van die Kaap betref, het ook 'n mate van vermenging plaasgevind. Daar was enkele gevalle waar blanke mans met vrygestelde slavinne getroud is. Buite-egtelike verhoudings was egter nie so skaars nie. Alle pioniersgemeenskappe ly aan 'n groot gebrek aan vroue. So was dit ook aan die Kaap. Amptenare wat daar gevestig is, asook die matrose en soldate, was mans, waarvan net 'n klein deeltjie hulle vrouens by hulle gehad het. Slawe wat aangekoop is, was in die groot meerderheid mans. Daarby het die sterftesyfer by geboorte die getal van vroue laag gehou. As 'n mens die bevolkingsyfers nagaan, sien jy byvoorbeeld dat daar in 1701 blanke mans 418, blanke vroue 242, slawemans 702, slavinne 109 was, terwyl die kindertalle die normale verhouding toon (Beyers 1967:339).

Kreolisasie het die Kleurlingbevolking tot stand gebring, maar van die begin af het die Kaapse owerheid en die blankes in die algemeen vermenging teengestaan en maatreëls daarteen getref. Aanvanklik was daar geen negatiewe kleur- of rasgevoel nie. Die verskil is tussen Christene en heidene gemaak, wat baie gou geïdentifiseer is met beskaafdes en onbeskaafdes, wat oorgegaan het in 'n onderskeiding tussen blankes wat beskaaf en Christelik is, teenoor nie-blankes wat onbeskaaf en heidens is. Dit het saamgeval met 'n onderskeid in stand, lewenswyse, werkterreine en so meer (Van Jaarsveld 1971:22v; Bank 1991:105 n 47, 119vv; Beyers 1967:339; Coertze 1975).

Hierdie weerhouding van vermenging is 'n unieke kenmerk van die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk en is deel van sy fundamentele koers tot die hede toe. Waar die Rooms-Katolieke kolonies met die inheemse bevolking vermeng het (bv Suid-Amerika), en die Protestantse kolonies die inheemse bevolking uitgeroei het (bv Noord-Amerika, Australië), daar het die Kaapse koloniste nie die inheemse bevolking uitgeroei nie, maar ook nie met hulle vermeng nie. Vermenging met die nie-blankes is deurgaans gesien as die weg tot selfvernietiging.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die Vryburgers was landbouers, maar het altyd ook vee aangehou. In 1700 is hulle toegelaat om weidingsplase te bekom en daarmee begin die sypelbeweging van die trekboere met hulle vee die binneland in. Dit was 'n ongeorganiseerde trek, bloot met die doel om genoeg weiveld te kry. Die trekke het gewoonlik uit 'n enkele gesin bestaan, dikwels met 'n paar familielede daarby. Die gebied wat hierdie trekkers in besit neem, was aan die weste begrens deur die Weskaap, in die suide deur die woude aan die kus, in die ooste deur die Visrivier waar hulle op die Xhosa gestuit het, terwyl die noorde by die Gariep deur die Boesmans toegemaak is (vgl Berg 1985). Teen die einde van die agtiende eeu is die noordgrens oopgemaak deur die uitroei van die Boesmans, vanuit die suide deur die kommandos van die trekkers en vanuit die noordweste deur die Korannas en die Griekwas. Daarna het die sypelbeweging van die trekboere oor die Gariep beweeg en ook die Suid-Vrystaat ingeneem.

Van 1834 af vind die Groot Trek plaas. Dit was 'n georganiseerde beweging, het in groot groepe plaasgevind en het 'n duidelike politieke motief gehad.

Hierdie hele beweging van die trekboere en die Groot Trek met al die probleme van die trekboere aan die Oosgrens en die probleme wat die Vrystaat, Transvaal en Natal met die Swartes gehad het, bring ten opsigte van die kontak met die nie-blankes eintlik net een nuwe aspek by, en dit is dat die nie-blankes nou Swartes is, baie sterker en oneindig gevaarliker as die nie-blankes waarmee die koloniste in die Weskaap te doen gehad het. Elke trekker en Voortrekker het 'n span werkvolk gehad. Waar die landbouers van die Weskaap merendeels slawe gebruik het, gebruik die trekkers en Voortrekkers merendeels vry nie-blankes. Hierdie mense gaan saam met die Blankes, staan hulle by in gevegte (bv in die slag van Bloedrivier), word saam met hulle dood gemaak, help hulle in alles wat gedoen moes word en beklee soms belangrike posisies (bv Jan Bantjies as sekretaris van Andries Pretorius). Die houding van die Afrikaners teenoor die nie-blankes was egter klaar gevorm. Hier en daar het gevalle van vermenging voorgekom, maar die afstand tusen blank en nie-blank is steeds gehandhaaf. Dit is baie duidelik byvoorbeeld in die dagboek van Louis Trichardt, veral in die posisie van Albag se kinders (Le Roux 1982). Dit geld ook die mense van die Ooskaap wat nie getrek het nie, maar agtergebly het. Hulle het hulle met die Britse heerskappy versoen, maar die houding ten opsigte van hulle taal en die verhouding met die nie-blankes het nie verander nie (Kotze 1975:141).

## 4. DIE KONTAK MET DIE ENGELSE

Hierby kan ons relatief kort stilstaan, eerstens omdat dit bekende geskiedenis is, en tweedens omdat ons hieronder keer op keer weer daarop gaan terugkom.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 4.1 Formeel is die Kaap in 1795 deur die Engelse met wapengeweld verower

In werklikheid was daar geen noemenswaardige gevegte en oorlog nie. Dieselfde geld die oorgawe van admiraal Lucas se vloot aan die Engelse in Saldanhabaai. In 1806 het die Engelse die Kaap vreedsaam oorgeneem. Sover dit beide die Wes- en die Ooskaap betref, was daar gevoelens van antipatie teen die Engelse omdat die Britte 'n vreemde nasie was, maar daar was geen oorlog wat bitterheid as erfenis kon nalaat nie.

### 4.2 Die Ooskaap ken geen wapenbotsing met die Britte nie

Hulle maak kennis met die Britte deur die enkele amptenare by die verskillende drostdye en dan met die Setlaars van 1820. Hierdie Setlaars was hoofsaaklik in Port Elizabeth, Uitenhage, Grahamstad en die Suurveld. Die Setlaars het onder dieselfde omstandighede as die Afrikaners op die Oosgrens geleef en het dieselfde probleme met die Britse owerheid se beleid op die Oosgrens gehad. Daar was dan ook in hierdie opsigte baie simpatie tussen Afrikaners en Setlaars. Die groot verskil was dat die Setlaars gevoel het dat die Britse owerheid hulle eie mense is, terwyl die Afrikaners die Britse owerheid as 'n vreemde owerheid ervaar het.

### 4.3 Die Kaap het net van 1803 tot 1806 onder die Nederlandse regering gestaan

Van 1652 tot 1795 het die Kaap onder die bewind van die Verenigde Oos-Indies Kompanjie (VOIC) gestaan. Hoe nou die samewerking tussen die V O I C en die Nederlandse regering ook al was, was die V O I C nooit iets anders as 'n handelsmaatskappy toegespits op winsbejag, en verteenwoordig deur amptenare wat uit was op die vul van hulle eie sakke nie. Al die opstandigheid wat ons aan die Kaap kry, het te doen gehad met die onregverdige mededinging van die amptenare, afdwing van pryse, korrupsie, beskikbaarheid van markte en so meer. Selfs die opstandigheid van die Patriottebeweging en hulle pogings om onder die bewind van die Nederlandse regering te kom, is hoofsaaklik hierdeur gemotiveer.

### 4.4 Onder hierdie omstandighede sou 'n groot mate van verbroedering tussen Boer en Brit begryplik gewees het

Wat die Ooskaap betref, was daar egter groot wrywing en selfs verbittering veroorsaak deur die verengelsingsbeleid van die Britte, en die houding van die Britse owerheid teenoor di( ıie-blankes in die algemeen en die slawe in die besonder. Dit loop uit op insidente s s die Swarte Ommegang van 1812 en die Slagtersnekrebellie van 1815.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 4. POLITIEKE ONTWIKKELING

Omdat die politieke ontwikkeling miskien die bekendste deel van ons geskiedenis is, versprei ek politieke opmerkings onder die ander afdelings en maak ek hier net enkele opmerkings oor die Kaapse Patriotte (vgl Beyers 1967. Van groot belang is die dokumente wat Beyers as bylaes publiseer). Die *Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring* van 4 Julie 1774 het die hele Europa met sy kolonies soos 'n skok getref. Europa het deur sy bekendheid met die klassieke die Atheense demokrasie en die Romeinse republiek baie goed geken. Teen 1774 het Europa ook alreeds sowat twee eeue juridies, polities, teologies en filosofies geredeneer oor die probleme van die herkoms, regte, magte en posisie van die monargie. Die *Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring* het egter met een klinkende daad prakties gedemonstreer dat 'n volk van 'n koning ontslae kan raak en baie goed met 'n demokratiese republiek oor die weg kan kom. Vyftien jaar na die *Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring* breek die Franse Revolusie uit, wat veral ten opsigte van die *Verklaring van Menseregte* die Amerikaanse gedagtes voortsit.

Die Patriottebeweging — sommige praat selfs van 'n opstand — begin in 1778 met die verspreiding van die anonieme geskrif *De magt en vrijheden eener Burgerlijke Maatschappij verdedigt door de gevoelens der voornaamste Regtsgeleerden, opgedragen aan het oordeel der Caabsche Burgerij*. 'n Bietjie later is nog 'n anonieme geskrif versprei: '*Aan onse Broeders, Medeburgers van dit Colonie van Cabo de Goede Hoop worden deese opgedragen en in hunne bedenking aanbevolen*'. Die verdere verloop van die opstand was nie wêreldskokkend nie en ek laat dit daar. Ek wil net die volgende opmerkings maak:

* Dat die Amerikaanse onafhanklikheidstryd 'n invloed gehad het, kan nie bestry word nie. Die Kaap het egter so goed as geen kontak met Amerika gehad nie. Die invloed wat van Amerika gekom het, het via Holland op die Kaap ingewerk. Die Patriottebeweging aan die Kaap het direk by die Hollandse Patriottebeweging aangesluit en laasgenoemde het die gedagtes van die Franse Revolusie verteenwoordig. Waar die Kaapse Patriotte praat van 'n republiek, vryheid van die vaderland, verkose representante van die volk en so meer, is dit 'n terminologie wat ons in die verband van die Hollandse Patriotte en die Franse Revolusie moet verstaan, en nie in die Amerikaanse verband nie.

* Uit die dokumente is dit duidelik dat ekonomiese probleme swaarder by die Kaapse Patriotte as politieke probleme geweeg het. Die politieke planne is eerder gesien as oplossing vir die ekonomiese probleme.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 4.5 Die werklik diepgaande bitterheid tussen Boer en Brit het na die Groot Trek gekom

Teen 1806 was die sogenaamde 'scramble for Africa' reeds aan die gang en van 1806 af het Brittanje nooit die gedagte gekoester dat Suid-Afrika of 'n deel daarvan onafhanklik van Brittanje kan voortbestaan nie. Die sagte behandeling van die Voortrekkers, die Sandrivierkonvensie (1852), die Bloemfonteinkonvensie (1854), die vrede na die Eerste Vryheidsoorlog en so meer is geen tekens dat Brittanje enige vorm van onafhanklikheid in Suid-Afrika wou toelaat nie, maar is bepaal deur Brittanje se eie binnelandse omstandighede, finansiële posisie en buitelandse probleme. Van 1843 af, toe Brittanje Natal annekseer het, het Brittanje deur middel van anneksasies van die gebiede rondom die twee Boererepublieke, deur diplomasie en wapengeweld onverbiddelik die beleid van heerskappy oor suidelike Afrika nagestreef. Ook het Brittanje konsekwent die belange van die nie-blankes bo díe van die blankes gestel, hoewel dit ook deur diplomatieke en strategiese oorwegings gewissel het. Hierdie wil tot heerskappy en die wyse waarop dit uitgevoer is, het 'n haat en bitterheid tussen Boer en Brit laat ontstaan.

### 4.6 Dit is egter nodig dat ons besef dat die verhouding tussen Afrikaners, Britte en nie-Blankes ook in die Boere-republieke baie kompleks was

Die nie-blankes het tot by die Tweede Vryheidsoorlog en selfs daarna oor die algemeen as werknemers by die Boere 'n goeie verhouding met hulle werkgewers gehad. Na die Vrede van Vereeniging en Unie-wording was baie nie-blankes baie negatief ingestel teenoor die Britte omdat Brittanje nie met die twee geleenthede gesorg het dat die Kaapse stemreg vir nie-blankes oor die hele Suid-Afrika uitgebrei is nie. Verder het die grootste deel van die nie-blanke stadsbewoners alle blankes as onderdrukkers beskou, maar die Engelse tog bo die Afrikaners verkies. Na die Groot Trek, die anneksasie van die twee Boererepublieke en alles wat daarmee gepaard gegaan het, was daar baie min liefde tussen Afrikaners en Engelse. Die Afrikaners het die Engelse as imperialiste, onderdrukkers, vervolgers en leuenaars beskou; die Engelse het die Afrikaners as onbeskaaf beskou. Desondanks was baie trekboere in die Suid-Vrystaat ten gunste van die uitbreiding van Britse gesag noord van die Gariep. Voor die Tweede Vryheidsoorlog was 'n deel van die Afrikaanse elite in Transvaal en veral in die Vrystaat Engelssprekend in hulle huise en het hulle graag hulle kinders, veral dogters, na Engelse skole gestuur. Voor die Bloemfonteinkonvensie was daar 'n Engelse party in die Vrystaat wat beswaar teen die onafhanklikheid van die Vrystaat gemaak het. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog was daar 'n sterk Engelse beweging in die Kaap wat hulle agitasie tot in Engeland gevoer het ten gunste van die Boere, hoewel hulle dikwels meer deur pasifisme as deur liefde vir die Boere gemotiveer is. Hiervan is Olive Schreiner en haar man Cronwright voorbeelde (vgl Schoeman 1992).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Van 'n Amerikaanse terminologie en denkwyse merk ons niks by die Kaapse Patriotte nie. Van die Franse Verklaring van Menseregte van 1789 merk ons terme soos Vryheid, Gelykheid en Broederskap, vryheid van die volk, die stem van die volk is die stem van God en so meer. Hierdie gedagtes merk ons ook by die Voortrekkers wanneer hulle hul staatsorde agtermekaar probeer kry. Daar is geen twyfel aan die fundamentele demokratiese ingesteldheid van die Voortrekkers nie en Gert Maritz se beskouinge is die naaste aan die Patriotdenke. Desondanks moet ons baie versigtig wees in die lê van verbande tussen die Patriotbeskouings en die staatkundige beskouings van die Voortrekkers. Ons moet onthou dat die Afrikaner in sy hele geskiedenis nooit 'n monarg geken het nie. Van 1652 tot 1795 het die Afrikaner onder die bewind van die V O I C gestaan en van 1803 tot 1806 onder die Bataafse Republiek. Die monarg wat na 1806 regeer, is 'n Brit, die regeerder van 'n vreemde en vyandige nasie. Ek sien geen direkte invloed van die Franse Revolusie of die Hollandse Patriotdenke in die grondwette of staatsorde van die Voortrekkerrepublieke nie. Die Voortrekkerdenke lyk vir my soos 'n demokrasie wat sommerso van die veld af gevang en met goeie gesonde verstand hans groot gemaak is. Ek dink ook dat president Paul Kruger met sy uitspraak: 'In die stem van die volk hoor ek die stem van God' iets anders bedoel het as die Patriotte se leuse: 'Die stem van die volk is die stem van God'. Die staatsdenke van die Voortrekkers is baie meer op die Calvinistiese verbondsteologie gebou (vgl Dreyer 1995).

## 6. EKONOMIESE ONTWIKKELING

Byna van 1657 af, toe die eerste vrybriewe uitgereik is, was daar 'n stryd tussen die boere en die V O I C. Om die wilde aarde te kultiveer, was 'n ontsaglike taak en moes sonder staatshulp gedoen word. Die boere se produksie is teen minimumpryse verkoop, en dikwels was daar geen mark nie, omdat die Kompanjie die eerste verkoper en die korrupte amptenare die tweede was. Wat oorgebly het, kon die boere kry.

Na die stryd teen W A van der Stel het dit met die boere beter gegaan, maar na 1806 het die boere begin floreer. Die oorlog in Europa het 'n groot mark meegebring in die vorm van vlote wat by die Kaap aandoen; daar was 'n behoorlike regering aan die Kaap en die boere het met hulle produkte, veral wyn en brandewyn, 'n florerende uitvoermark opgebou. Die welvarendheid en stabiliteit laat 'n baie ryk Afrikaanse elite ontstaan, byvoorbeeld die Marais', Hofmeyrs, Neethlings, Sauers en ander. Hierdie welvaart is nooit deur oorloë bedreig nie. Behalwe die twee Hottentotoorloë is die Grensoorloë die naaste wat 'n oorlog ooit aan die Kaap gekom het. Hierdie boerewel-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vaart was die grondslag van 'n Afrikaner-kapitalisme wat uitloop op die stigting van finansiële reuse soos Sanlam (1918), KWV (1918) en Nasionale Pers en hulle voorlopers.

In vergelyking hiermee was die Ooskaap in 'n baie slegte posisie. Hulle was veeboere en het dikwels geweldig baie vee besit. Louis Trichardt het byvoorbeeld in 1864 oorkant die Visrivier by Hintsa vir agtduisend skape en eenduisend-driehonderd beeste grond gehuur (Van Jaarsveld 1971:69) en na byna twee jaar se trek skryf hy in sy Dagboek by die datum 23 Maart 1837 nog van sy vierhonderd-agt-en-vyftig beeste en drieduisend-tweehonderd-nege-en-tagtig skape (Le Roux 1982:23). Hierdie rykdom het hulle egter weinig gebaat weens die strooptogte van die Xhosa en Boesmans en verder omdat hulle feitlik geen markte gehad het nie. Hulle troppe skape het uit Afrikanervetstertskape bestaan wat oorspronklik van die Hottentotte afkomstig was. Dit was 'n baie geharde skaap, maar relatief 'n swak slagskaap sonder wol. Die winsgewende wolboerdery is eers in 1826 deur 'n Britse Setlaar begin en was teen 1836 nog maar heel in die begin. Die Ooskaapse boere was dus groot veebesitters, maar tog arm, eenvoudig en grootliks nomadies. Die *Memorie* van 1779 gee ons hiervan 'n indruk waar gesê word 'dat vele Huysgesinnen, afsonderlik op een plaats niet kunnende bestaan, bij elkaar in eene Hut trekke, terwijl de jonge Lieden, die geen middel hebben om sig ter neder te setten, ongetrouwd moeten blijven, of sig onder de Hottentotten ophouden, uit welke vermenging met ter tijd een nageslagt kan geboren worden, dat mogelijk nog erger, dan de Bosjesmans Hottentotten tegenwoordig, sal te dugten zijn' (Beyers 1967: 36). Moontlik was die *Memorie* ietwat oordrewe om 'n punt tuis te bring.

Uit hierdie Ooskaaplanders kom die trekboere wat die Suid-Vrystaat ingetrek het en die Voortrekkers wat die twee Boererepublieke gestig het. Een van die grootste probleme van die republieke was 'n chroniese en ernstige gebrek aan finansiële middele. Hulle het niks gehad behalwe hulle boerderye nie en vir hierdie produkte was daar haas geen markte nie, sodat die handel grootliks ruilhandel was.

Hierdie situasie verander met die ontdekking van diamante (1866) en goud (1873). Hierdie twee geburtenisse bring 'n geweldige ontwikkeling van die myne met die gepaardgaande industriële uitbreiding wat die finansiële probleme van die republieke en die boere grootliks opgelos het. Kapitaalvorming in die noorde was egter heeltemal in die hande van volksvreemdes. Die kapitaliste was die vyande van die Boere wat die republieke nie net militêr nie, maar ook ekonomies wou onderwerp, en ook daarin geslaag het. Die enigste manier waarop die Afrikaner staande kon bly, was deur 'n verbete politieke stryd van 'n felheid wat die Kaap nooit geken het nie. Die oorwig van die bevolking het baie gou na die noorde oorgeskuif. Die Afrikaanse kapitalisme het daarmee saamgetrek. Die politieke idioom van die noorde was eintlik vreemd aan die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Kaap, maar in die Afrikanerstryd is die Kaap teen wil en dank ingesuig. So het die Afrikaner Bond, wat die voorvegter van die Afrikaner in Kaapland was, teen die einde van die negentiende eeu doodgeloop en is dit voortgesit in die Suid-Afrikaanse Party, wat 'n party van die noorde was (vgl Nash 1997).

## 7. KULTURELE ONTWIKKELING

Van 1652 af was die nedersetters aan die Kaap nie die hoogontwikkelde mense nie, maar handwerkers, boere, soldate, matrose, klein amptenare en dergelike. Die Hollands wat hulle gepraat het, was nie 'n hoë, suiwer Nederlands nie, maar die taal van die gewone man, gemeng met allerlei dialekte, met Duits en Frans en wat nog meer. Nederlands was egter oorheersend en as't ware op die straat het binne vyftig jaar 'n spreektaal ontwikkel, wat eie aan die Kaap was, net soos daar op hoër vlak 'n eie Kaapshollandse argitektuur ontwikkel het.

Van 1795 af is daar sterk aanraking met Engels en van 1812 af 'n doelbewuste beleid van die Britse owerheid om die Afrikaanse inwoners Engels te maak. Engels en die Engelse kultuur was die oorheersende en dit word die standaard van beskaafdheid. Dit gaan gepaard met die tipies Engelse arrogansie en onaanpasbaarheid wat op alles wat 'Dutch' is neersien. In Kaapstad was die openbare en sosiale lewe heeltemal Victoriaans-Engels en elkeen wat enigsins aan die openbare en sosiale lewe wou deelneem, moes hom hieraan skik. Dit is daarom nie verbasend dat 'n hele aantal vooraanstaande Afrikaanse families heeltemal verengels het nie, byvoorbeeld Cloete, Truter, Van Ryneveld, Bresler, Watermeyr en so meer. Dit is ook nie verbasend dat die gekleurde bevolking Afrikaanssprekend geword en gebly het nie, omdat die Afrikaners oor die algemeen die *laere strata* van die bevolking uitgemaak het en direk in kontak met die gekleurdes gestaan het.

Dit is eerder verbasend dat so 'n groot gedeelte van die gegoede en ontwikkelde Hollands-Afrikaanse families hulle identiteit behou het. Juis hulle ekonomiese bevoorregting en ontwikeling het meegebring dat hulle die kontak met Holland behou het. Baie interessant is die feit dat die stryd om die Afrikaanse taal en kultuur juis deur hierdie mense aangepak is en dat hulle verkies het om die stryd vir Afrikaans aan te knoop en nie vir Nederlands nie. Juis hulle kulturele en ekonomiese bevoorregting het meegebring dat hulle organisasies soos die *Genootskap van Regte Afrikaners* (1875), die *Afrikaner Bond* (1879), koerante soos *Di Patriot*, *De Zuid-Afrikaan*, later *Ons Land* en so meer kon stig en onderhou.

Wat baie belangrik is, is die invloed van hierdie mense in die onderwys. Die V O I C het hulle weinig aan onderwys gesteur. Die Engelse het eers teen 1870 skole op die Kaaplandse binneland begin bou. Hierdie skole was almal Engelstalig en on-Afri-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kaans van aard. Privaatskole en kerkskole was in Kaapstad redelik genoegsaam beskikbaar, omdat dit daar bekostigbaar was. Die *South Africa College* is in 1829 as eksaminerende liggaam gestig en ontwikkel uiteindelik in die Universiteit van Kaapstad (1918). Van 1812 af was al die staatskole Engelstalig, maar dit het Afrikaans nie dood gemaak nie. Met swaar befondsing deur die welgestelde Afrikaners is die skool op Stellenbosch tweetalig gehou, later parallelmedium en ontwikkel tot die Stellenbosch Gimnasium (later die Hoër Jongensskool, nog later die Paul Roosgimnasium). In 1866 word aan die Stellenbosch Gimnasium 'n Arts Department gevoeg, wat in 1881 die Stellenbosch College, in 1887 (met die vyftigjarige jubileum van koningin Victoria) die Victoria College en in 1916 die Universiteit van Stellenbosch word. Hoewel die Weskaap in groter mate as die res van die Afrikanerdom verengels het en die tipies Engelse lewenshouding aangeleer het, het bogenoemde ontwikkelinge onberekenbare voordele vir die Afrikaanse kultuur ingehou.

In die Ooskaap was die situasie heeltemal anders. Hier was die Afrikaners die onderste sosiale laag van die blankes. Oor die algemeen het hulle baie vee besit, maar het 'n eenvoudige landelike lewe gelei wat deur besoekers uit Europa as primitief bestempel is. Hulle het aan die aktiwiteite van hulle kerk deelgeneem, maar hulle verder aan die openbare lewe onttrek. Handel en ekonomie was in die hande van die Engelssprekendes en die twee bevolkingsgroepe het min kontak met mekaar gehad en onbegrypend en wantrouig teenoor mekaar gestaan. Die oorgrote meerderheid van die Afrikaners kon Engels nie praat nie. Die *Eastern Province Mazgazine* van die sestigerjare skryf oor 'The Settler of 1820': "The chief antipathy of his morale is a prejudice against Dutchmen" wat as "ignorant, uncouth, uncivilized beggars"' beskou word, terwyl die Afrikaners alles wat Engels is, met groot agterdog en vooroordeel beskou (Schoeman 1989:338-344).

Wat kulturele ontwikkeling betref, het die twee bevolkingsgroepe feitlik in twee aparte wêrelde geleef. In die meeste dorpies was byvoorbeeld biblioteke. Soms was die kwaliteit van die boeke swak, maar as voorbeeld kan ons noem dat Willie Bertram, seun van 'n Wesleyaanse sendeling, in 1874 sy boekery aan die dorpsbiblioteek van Dordrecht skenk. Daaronder was boeke van Ranke, Tennyson, Pope, Byron, Walter Scott en so meer (Schoeman 1989:199). Olive Schreiner besit of het toegang tot William Lecky (*History of European Morals*), Thomas Buckle (*History of Civilization in England*), Waldo Emerson, Charles Darwin (*Origin of Species*), Edward Gibbon (*Decline and Fall of the Roman Empire*), Herbert Spencer se *First Principles*, verskillende werke van John Stuart Mill en so meer. Darwin se *Descent of Man* het in 1871 verskyn en in 1873 lees Olive die boek op die Kimberleyse diamantvelde. Daarteenoor is die Afrikaners se leesstof die boeke en tydskrifte wat deur die kerk gelewer is. Hol-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

landse boeke wat in die tyd adverteer word, is naas die Bybel ook die *Kort Begrip*, *De Kinderen van de Bijbel*, *Het Volksleesboek* en *Trap der Jeugd* (Schoeman 1989:341). Gert Maritz, seker die 'geleerdste' man onder die Voortrekkers, het baie min skool gehad. Hy het 'n baie goeie begrip van die beskouings van die Patriotte gehad en het die Voortrekkers se juridiese werk feitlik alles behartig, maar sy boekery het bestaan uit 'n paar goeie praktiese handleidings wat nodig was vir die praktyk van elke dag (Thom 1947:116-120).

Die Voortrekkers kom uit die Ooskaap en daar is op kulturele gebied geen wesensverskil tussen hulle en die Ooskapenaars nie. Na wat ons hierbo gestel het, is dit ook duidelik waarom president Kruger soveel Hollanders vir allerlei funksies moes invoer. In die Boererepublieke het die chroniese tekort aan fondse die pogings op onderwysgebied baie sterk aan bande gelê. Nêrens in Suid-Afrika, behalwe in die Weskaap, was daar die vermoënde mense om die onderwys en ander kultuuraktiwiteite te dra nie. Wat buite die Weskaap tot stand gebring is, is juis in stryd met 'n vreemde en vyandige geldmag tot stand gebring. 'n Voorbeeld hiervan is die geskiedenis van die Universiteit van Pretoria.

## 8. KERKLIKE EN GODSDIENSTIGE ONTWIKKELING

Die kerklike en godsdienstige ontwikkeling onder die bewind van die V O I C en die Bataafse Republiek is deel van die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk en daarom beskou ek dit as bekend en laat dit daar. Ek wil kort stilstaan by minder bekende ontwikkelinge.

Sedert die Renaissance is Europa steeds meer en meer ingeneem deur 'n gees van rasionalisme, liberalisme en wetenskapsgelowigheid, wat ook op die kerk baie sterk invloed uitgeoefen het. In die laat sewentiende eeu kom daar 'n sterk reaksie teen die dorre rasionalisme van die teologie en prediking wat veral in Nederland, Duitsland en Engeland wye omvang aangeneem het. Op die vasteland is gewoonlik van die Piëtisme en in die Engelstalige wêreld van die Metodisme gepraat. Ek gebruik die term 'metodisme' as allesomvattende term. Die metodisme word gekenmerk deur die oorbeklemtoning van die werk van die Heilige gees, 'n intense en dikwels oordrewe emosionaliteit, 'n moralistiese prediking en godsdienstige lewe en 'n eksklusiwiteit ten opsigte van mense wat nie deel van hierdie beweging is nie. In Duitsland word Philipp Jakob Spener se *Pia desiderata* in 1675 gepubliseer en dit het so 'n invloed dat die Duitse Protestantisme van 1690 tot 1730 onder die heerskappy van die piëtisme staan (Heussi 1960:395). Graf von Zinzendorf stig op die dorp Herrnhut in 1727 die *Herrnhutter-beweging* (Heussi 1960:399) en dit het direkte kontak met die metodisme in Engeland gehad. Kenmerkend van die metodisme is die opbreek in talle kerke, sektes en bewe-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gings van allerlei aard. Dit gebeur in Europa, maar soveel te meer met die metodistiese beweging uit Amerika wat groot invloed uitoefen. Laasgenoemde word gekenmerk deur die *revivals* wat baie nou saamloop met die pinksterbeweging. Een van die fundamentele kenmerke van die metodisme is die beheptheid met bekering, nie net van hulleself nie maar ook van alle mense. In die paar jaar aan die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu word dan 'n hele aantal sendinggenootskappe gestig. Op die vasteland van Europa het hierdie genootskappe veral na die beëindiging van die Napoleontiese oorloë tot stand gekom. Die sendinggenootskappe is deur privaat indiwidue gestig en befonds en het nie amptelik van een of ander kerk uitgegaan nie, hoewel hulle die volle ondersteuning en medewerking van die kerke geniet het. 'n Hele aantal van hierdie genootskappe het in Suid-Afrika kom werk, ook oorkant die grense van die Kaapkolonie. So was daar onder andere die Londonse, Glasgowse, Wesleyaanse, Berlynse, Morawiese (Herrnhutters), Paryse en Baselse Sendinggenootskappe.

Die Duitse sendelinge (Berlynse, Rynse en Morawiese groepe) het uitstekende werk gedoen. Die res was van een snaar, al was hulle verskillend van haar. Hulle was almal filantropiese metodiste en het hulleself aan die kant van die nie-blankes teen die blankes gestel. Die ergste in alle opsigte was die Londonse Sendinggenootskap, wat in 1795 gestig is. Hulle het van Engelse (bv Read, Moffat, dr Philipp), maar ook van Duitsers (bv Gottlob Schreiner) en Hollanders (bv dr J T van der Kemp en Erasmus Smit) gebruik gemaak. Van der Kemp het in 1799 aan die Kaap gekom. Hy en eerwaarde Read het Bethelsdorp in 1802 vir die rondloper Hottentotte gestig, en 'n bietjie later die Katriviernedersetting. In 1819 het doktor John Philip superintendent van die LSG in Suid-Afrika geword.

Die sendelinge van die Britse organisasies was almal van dieselfde aard en is voortgedryf deur die oortuiging dat dit hulle heilige plig was om nie net die Christendom na die nie-christelike wêreld te bring nie, maar tesame daarmee die beskawing van die Christelike Noord-Europa, wat as onlosmaaklike deel van die heilsboodskap beskou is 'Naïef, onkundig en onbuigsaam soos hulle dikwels was, was hulle geensins voorbereid op die eise wat Afrika met sy verskeidenheid van volkere en uiteenlopende kulture aan hulle sou stel nie, en waar hulle daarmee gekonfronteer is, was hulle reaksie een van onbegrip, afkeuring en verwerping ...' (Schoeman 1989:25). 'Dat die strewe na evangelisering van die begin af aan reeds op onlosmaaklike wyse verstrengel geraak het met kwessies van kultuur was 'n ongelukkige ontwikkeling, want in hulle pogings om hulle eie kultuurgebruike op die mense van Afrika af te dwing, het die sendelinge in hulle ywer, onkunde en moedswilligheid uiteindelik meer kwaad aangerig as goed' (Schoeman 1989:26).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die ergste van almal was egter sommige van die sendelinge van die LSG. Die stigting van Bethelsdorp en Katrivier, die Swarte Ommegang, hulle persoonlike lewe (bv drankmisbruik, huwelike en ander omgang met Hottentotvroue, aanvaarding van die leefwyse van die Hottentotte) en die feit dat hulle hulle in die politiek ingemeng het en toegelaat het dat die Britse owerheid hulle as instrumente in sy nie-blanke beleid gebruik, het alles daartoe bygedra om 'n gevoel van minagting en selfs haat by die Afrikaners aan te wakker. Dit was een van die belangrikste redes vir die Groot Trek (Engelbrecht 1953:29v).

Al die blankes in Wes- en Ooskaap het egter nie so gevoel nie. Van die begin van die negentiende eeu af het metodistiese roeringe in die kerk voorgekom. Gert Maritz se ouers het byvoorbeeld 'n paar jaar in die nabyheid van Bethelsdorp gewoon. Hulle het die nedersetting en die sendelinge geken. Desnieteenstaande was Gert Maritz se moeder 'n byna ongebalanseerde metodis en sendingyweraar (Thom 1947:14vv). En veral na die koms van die eerste Skotse predikante in 1819 versprei die metodisme vinnig in die kerk. Dit loop uit op die begin van die stormagtige opwekkings in 1860 en die pinksterbeweging in 1861 in die Weskaapse kerk. Die gebeurtenisse sit 'n vloedgolf aan die gang wat van een gemeente na die ander versprei tot in Kroonstad in die Vrystaat (Kitshoff 1974:hoofstuk VIII).

Gelyktydig hiermee vind 'n ontwikkeling plaas wat baie belangrik is: Die rasionalisme en liberalisme in Europa — veral in die lyn van die teologie van D F Strauss en Ernest Renan — het ook volgelinge in Suid-Afrika gevind. In die tweede helfte van die negentiende eeu was daar ook in die Kaapkolonie 'n paar mense wat (soos in Europa) in navolging van veral Charles Darwin 'n groot belangstelling in geologie, fossiele en so meer gehad het en vreemd aan die kerk geword het. Teen hierdie agtergrond moet ons die teologie van biskop J W Colenso van Natal verstaan, wat beroering in die Anglikanse Kerk gebring het. In die Nederduits Gereformeerde Kerk het dominees J J Kotze, T F Burgers, I G J Horak, S P Naude, D P Faure en andere dieselfde koers ingeslaan. Dit het gemaak dat die NG Kerk in al sy gemeentes sterk wal moes gooi teen die 'verderflike liberalisme', soos dit genoem is. Sinodaal is daar opgetree teen dominee Kotze en Burgers (Schoeman 1989:149v).

Die metodisme en wat daarmee saamhang was een van die belangrikste redes waarom die Transvalers kerklike aansluiting by Holland gesoek het. In Kaapland het die metodisme egter 'n groot slag geslaan. Die behoudende deel van die predikante, soos dominee G W A van der Lingen, bied die metodisme, in besonder die opwekkings, aan as teenvoeter teen die liberalisme en slaag daarin om herlewing 'n noodsaaklik vereiste vir ortodoksie te maak. Metodisme word met regsinnigheid geïdentifiseer. Om Christelik, gelowig, 'n goeie Christen en kerkmens te wees, beteken om anti-liberaal te wees



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en dit wil sê deel te hê aan 'regtzinnige opwekking' (Kitshoff 1974:150). Daarmee is aan die nugtere Calvinisme 'n kwaai slag toegedien en hierdie stroom het mettertyd ook Vrystaat en Transvaal oorweldig.

## 9. SLOT

Ons kan nou die vraag stel watter waardes in die geskiedenis van die Afrikanervolk geldig blyk te wees, en miskien ook of daar 'n rangorde in hierdie waardes is. Ek wil die volgende onderskei:

### 9.1 Materiële waardes

Die oorweldigende meerderheid van die Afrikaners was ekonomies die heel onderste laag van die blanke bevolking. Tot by die Tweede Vryheidsoorlog sien ek geen tekens van 'n sosialistiese tendens nie. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is daar in die toesprake van die pro-Boer stryders (bv Olive Schreiner en haar man Cronwright) baie sterk anvalle op die kapitaliste, die geldmag en die Jode wat die arbeiders onderdruk. — In die staking van 1922 speel sosialistiese en selfs kommunistiese retoriek 'n groot rol. — In die stryd wat die aanloop tot die 1948 verkiesing gevorm het, het die aanval op die 'geldmag' 'n groot rol gespeel. Nasionale Pers het in sy koerante 'n karikatuur van die vet, ryk Jood Hoggenheimer baie effektief gebruik. Onmiddellik na die verkiesing is hierdie propaganda egter vervang met 'n baie gewillige samewerking met die geldmag, omdat geen land sonder finansiële bronne kan bestaan nie, soos ons in die geskiedenis van die Transvaalse en Vrystaatse Republieke gesien het. — Na die Tweede Wêreldoorlog gaan nog net meneer Jaap Marais met die kampanje teen die geldmag voort.

Hoewel armoede beslis 'n faktor in die Afrikaner se geskiedenis was, is dit 'n saak wat meer ondersoek nodig het om te bepaal watter invloed dit op die koers van die Afrikaner gehad het.

### 9.2 Die kontak met die Britte

Die hooffaktore wat in hierdie kontak bepalend op die koers van die Afrikaner ingewerk het, was die beleid van die Britse owerheid op die Oosgrens van die Kolonie, die uitgesproke keuse ten gunste van die nie-blankes teen die blankes, die doelgerigte beleid om die Afrikaner te verengels en die konsekwente beleid om te sorg dat die Afrikaner nooit tot politieke onafhanklikheid kom nie. Dit het die Afrikaner se nasionalisme, ook sy eenheidsbewussyn en sy bewussyn van gesamentlike lotsverbondenheid laat ontwaak. Dit het van die Afrikaner 'n aggressiewe nasionalis gemaak en sy nasio-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

nalisme met 'n sterk negatiewe aard gestempel, naamlik om bewus anders as die Engelse te wil wees en alles waarmee die Engelse te doen het, te wantrou. Hierdie negatiewe tendens is 'n sterk kenmerk van die koers van die Afrikaner se nasionalisme. Desondanks is die Afrikaner se kultuur sterk deur die Britse kultuur beïnvloed. Die feit dat Brittanje as tweederangse moondheid uit die Tweede Wêreldoorlog gekom het, die ineenstorting van die Britse Ryk en ons eie republiekwording in 1961 het die dringendheid van die Britse gevaar sterk laat afneem en daarmee tegelykertyd die Afrikaner se openheid vir die Britse kultuur baie laat toeneem. Dit is egter my indruk dat die hedendaagse situasie in ons land Afrikanernasionalisme weer laat opvlam het, asook die negatiewe tendens daarvan (vgl Van Jaarsveld 1959).

Positief kan ons stel dat juis die kontak met die Britte een van die wesenlike kenmerke van die koers van die Afrikaner laat ontwaak en opvlam het, naamlik die verlange na vryheid en die eis om oor sigself te beskik. Die Swartes het vir die Afrikaner baie probleme opgelewer, maar die Afrikaner het nooit in sy geskiedenis die Swartes as 'n bedreiging van sy vryheid en selfbeskikkingsreg gesien nie. Die Britte was juis by uitstek hierdie bedreiging, wat dan die eis van vryheid en selfbeskikking in die siel van die Afrikaner ingebrand het.

## 9.3 Die kontak met die nie-blankes

Feitlik van 1652 af was daar weerstand teen die vermenging van blank en nie-blank. Met die loop van die geskiedenis het die motivering van hierdie weerstand gewissel, maar tegelyk ook steeds sterker geword. Nieteenstaande hierdie distansiëring en die bitter botsings aan die Oosgrens en in die twee noordelike republieke het daar altyd 'n mate van toegeneentheid tusen blank en nie-blank bly voortbestaan. Die Afrikaner het altyd nie-blanke werksmense gehad. Baie slawe het na hulle vrystelling by hulle base gebly. Baie werkvolk het die Groot Trek meegemaak — soveel dat sommiges beweer dat daar meer nie-blankes as blankes was. Daar was altyd 'n vertrouensverhouding tussen die Afrikaner en sy werkvolk. Die Afrikaner het die Swartes nooit as politieke of kulturele bedreiging gesien nie. Die Afrikaner het altyd geglo dat hy die Swartes ken en weet hoe om met hulle om te gaan. In die afgelope paar jaar en veral in die huidige omstandighede het hierdie verhouding verander en het 'n sterk afwysende, negatiewe tendens tussen blank en nie-blank ook na vore gekom.

## 9.4 Identiteit

Die negatiewe tendense waarvan ek gepraat het, kan positief uitgedruk word deur te sê dat die Afrikaner baie intensief waarde heg aan sy identiteit as Afrikaner, hoewel baie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Afrikaners daardie identiteit net negatief kan formuleer. Die kontak met die nie-blankes, die beleid van die Britte, die verskil tussen Christen en heiden en die oorloë het gemaak dat die Afrikaner intens bewus van sy identiteit en die waarde daarvan geword het.

## 9.5 Die Afrikaanse taal

Wat baie duidelik uit die geskiedenis na vore kom, is die geweldige betekenis van die Afrikaanse taal. Vir baie mense is dit feitlik die enigste positiewe betekenis wat die identiteit van die Afrikaner het. Die ontstaan van die Afrikaanse taal is verbasend. Binne die eerste vyftig jaar na die volksplanting het die eie taal reeds te voorskyn begin tree. Afrikaans het egter eers taamlik laat in die twintigste eeu erkenning gekry: Onder die bewind van die V O I C en die Bataafse Republiek, asook in die twee Boere-republieke was Nederlands die taal van die regering, die kerk, die onderwys en die openbare lewe, en onder die Britse bewind was dit Engels. Afrikaans was tot 1925 die privaat huistaal van die Afrikaner. As 'n mens die verspreidheid van die Afrikaners, die isolasie van die gemeenskappies en die gebrek aan Afrikaanse leesstof in aanmerking neem, is die ontwikkeling van die taal en die feit dat geen dialekte ontstaan het nie, verbasend. Die politieke stryd van die Afrikaner is in 'n baie groot mate 'n taalstryd. So was dit en so is dit nog steeds. Om sy taal te laat vaar beteken om sy identiteit te laat vaar.

## 9.6 Die godsdienstige faktor

Die taal van die Bybel, die wyse van godsdiensbeoefening en die kerk het 'n baie groot invloed op die volk. In die Kolonie is juis die kerktaal deur die Britse owerheid gebruik as middel om die Afrikaanse bevolking te probeer verengels. Die feit dat 'n groot aantal predikante nie net in Nederlands aangehou preek het nie, maar ook positiewe taalstryders was (bv ds G W A van der Lingen), het geweldig baie gedoen om Nederlands behoue te laat bly. Selfs die Skotse predikante is deur die aard van hulle gemeentes gedwing om in 'n groot mate in Hollands te preek. Daarteenoor het die kerk, veral die Nederlands van die prediking, baie daartoe bygedra om die erkenning van Afrikaans te vertraag. Sover dit die Afrikanervolk betref, was die grootste enkele faktor in die erkenning van Afrikaans die feit dat die predikante in Afrikaans begin preek het.

Wat ek as 'n baie negatiewe faktor beskou, is die oorwinning van die metodisme, wat deesdae die charismatiese bewegings genoem word. Saam met die Nederduits Gereformeerde Kerk is sedert 1860 byna die hele Afrikanervolk deur die metodisme ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ower. Selfs die Nederduitsch Hervormde Kerk het in 'n mate onder metodistiese invloed gekom en die neo-calvinisme het 'n verwantskap daarmee. Die metodisme in Suid-Afrika is vir 90% van Britse en Amerikanse oorsprong. Al praat die metodisme Afrikaans, dan is die gees, inhoud en lewensuitkyk nog steeds heeltemal vreemd aan die Afrikaner wat ons in die geskiedenis leer ken.

## 9.7 Variasies

Wat ek hierbo onderskei het, sou ek die hoofkoers van die Afrikanervolk noem. Hiernaas en daarin is allerlei variasies. Daar is byvoorbeeld tye waarin die Afrikaner met die Engelse taal begin flankeer. In die Weskaap het 'n hele aantal vooraanstaande Afrikaanse families heeltemaal verengels. Voor die Tweede Vryheidsoorlog was sommige Transvaalse en baie Vrystaatse elite families in hulle huise Engelssprekend, en was dit by baie die mode om hulle kinders, veral die dogters, na Engelse skole te stuur. Reeds voor die Bloemfonteinkonvensie was daar in die Vrystaat 'n Engelse party waaraan ook 'n aantal Afrikaners behoort het. Dwarsdeur ons politieke geskiedenis loop 'n kloof tussen die mense wat met die Engelse wil verbroeder en díe wat juis die Engelse wil teenstaan. As ons die nie-blankes byreken, kom nog ander nuanseringe by. Die Schreinerkinders was byvoorbeeld verdeel in een wat Engeland toe gegaan het en nooit weer teruggekom het nie; twee wat met die Tweede Vryheidsoorlog bitterbek anti-Boer en Britslojaal was; een wat aktief pro-Boer, anti-Brits en pro-Swartes was; en een wat pro-Boer en pro-Swartes was maar dit weggesteek het.

Die variasies is amper eindeloos en dit hang ook baie af van die politieke leiers van die oomblik en die binnelandse en buitelandse situasie. Of 'n mens dit koerse moet noem, is 'n vraag. Vir my lyk dit of die Afrikanervolk net een koers deur die geskiedenis geloop het, maar dat daar 'n aantal onderskeibare variasies is.

## Literatuurverwysings

Bank, A 1991. *The decline of urban slavery at the Cape 1805-1843*. University of Cape Town.

Berg, J S & Visagie, J C 1985. *The Eastern Cape frontier zone 1660-1980*. Durban: Butteworth.

Beyers, C 1967. *Die Kaapse patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde*. Pretoria: Van Schaik.

Coertze, P J 1975. *Die etniese posisie van die Kleurlinge*. Pretoria: SABRA.

Dreyer, W A 1995. Kerk, Volk en Owerheid — 'n Hervormde Perspektief. DD-Proefskrif, Universiteit van Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Engelbrecht, S P 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, derde uitgawe. Pretoria: HAUM.

Heussi, K 1960. *Kompendium der Kirchengeschichte*. Tübingen: Mohr.

Van Jaarsveld, F A 1959. *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

——— 1971. *Nuwe geïllustreerde geskiedenis vir die Senior Sertifikaat Std. IX en X*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Kitshoff, M 1974. Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen: Kaapse Predikant uit die negentiende eeu. Groningen: Proefskrif, Vrije Universiteit van Amsterdam.

Kotze, C R 1975. ''n Nuwe Bewind', in Muller, C F J (red), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, tweede uitgawe. Pretoria: Academica.

Nash, A 1997. Wine-farming, heresy trials and the 'whole personality': the emergence of the Stellenbosch philosophical tradition 1916-40. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wysbegeerte*, 16/2, (Pretoria: Buro vir Wetenskaplike Publikasies.)

Le Roux, T H 1982. *Die dagboek van Louis Trigardt*, tweede druk. Pretoria: Van Schaik.

Schoeman, K 1989. *Olive Schreiner. 'n Lewe in Suid-Afrika 1855-1881*. Kaapstad: Human en Rousseau.

——— 1992. *Only an anguish to live here: Olive Schreiner and the Anglo-Boer War 1899-1902*. Cape Town: Human & Rousseau.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services